

Britz, E. PAUL EMMANUEL SE AANGRYPENDE 'REMNANTS' IN ROSESTAD in Volksblad, Media24, Bloemfontein, South Africa. May.

'n Nadraai van Paul Emmanuel se opspraakwekkende *Lost Men* projek word die eerste keer in Suid-Afrika uitgestal nadat dit in 'n galery van die Boston Universiteit in Amerika gepryk het. Die Oliehuis-kunsmuseum in Bloemfontein is die eerste ontvanger van *Remnants*, 'n uitstalling wat niemand onaangeraak sal laat nie.

Emmanuel se projek *The Lost Men France* is in Julie 2014 aangrensend aan die Thiepvalgedenkteken in die noorde van Frankryk aangebring as deel van dié Suid-Afrikaanse kunstenaar se verkenning van verlore mans, in dié geval die slagoffers van die Eerste Wêreldoorlog.

Die buiteluginstallasie, bestaande uit vyf baniere van gedrukte sy en 5 m by 5 m groot, het langs die pad na Thiepval gewapper met die doel om in gesprek te tree met nagedagtenis en monumente.

Dit is voorafgegaan deur *The Lost Men Grahamstown* (2004) en *The Lost Men Mozambique* (2007).

Die Thiepval-monument gedenk Britse en Suid-Afrikaanse soldate wat hul lewe van 1915 tot 1918 op die slagveld langs die Sommerivier verloor het. *The Lost Men France*, daarenteen, gedenk soldate van verskeie nasionaliteite, insluitend Franse, Suid-Afrikaners en Duitsers wat aan die westelike front gesterf het, asook swart Suid-Afrikaners wat saam met die SS Mendi-troepeskop op pad na Frankryk 'n waterdood gesterf het. Op die baniere is foto's van verskillende dele van Emmanuel se liggaam waarop die name van gesneuwelde soldate afgedruk is – afdrukke wat pynlike letsels op sy naakte liggaam gelaat het.

Die delikate sybaniere is drie maande lank aan die elemente op die Franse platteland oorgelaat totdat net verrinneweerde, uitgebleikte lap oor was.

"Dit resoneer met die beendere van soldate wat op die slagveld omgekom het en vandag nog na bo kom wanneer boere hul lande omploeg. "Dié oorskot is ook kragtige metafore vir fisieke en emosionele lyding; en 'n gedenkteken vir die sinloosheid van oorlog, die skending van die menslike liggaam en die gepaardgaande vernietiging van menslike fatsoenlikheid," het Pamela Allara, 'n navorser aan die BostonUniversiteit, geskryf.

In *Remnants* het Emmanuel die baniere aangevul met 'n reeks nuwe eteriese tekeninge, drukwerk en videokuns. Hy het by geleentheid gesê hy sou wou hê die werk moet debatte aan die gang sit oor herdenking en 'andersheid', asook manlikheid en weerloosheid.

"Maar vir my gaan *The Lost Men* in 'n groot mate daaroor om te laat gaan."

Die kunstenaar Emmanuel is in 1969 in Kabwe, Zambië, gebore en het in 1993 aan die Universiteit van die Witwatersrand gegradueer. Hy was die eerste ontvanger van die

Ampersand-stigting se genootskap, wat hom in 1997 'n kunstenaarsverblyf van drie maande in New York besorg het.

In 2002 het hy Sasol se Wax in Art-kompetisie gewen en in 2009 is sy kortprent *3SAI: A Rite of Passage* (2008) met die jurieprys in die kortfliëkkompetisie van die vierde Africa-in-Motionfliëkfees in Skotland bekroon. Die Johannesburgse kunstenaar werk nou aan *The Lost Men USA*, asook 'n nuwe projek, *Substance of Shadows*. Die *Remnants*-uitstalling kan nog tot 9 Julie in Oliewenhuis in Bloemfontein besigtig word. Dit is moontlik gemaak deur die Boston University Art Galleries en word bestuur deur Les Cohn van Art Source South Africa.